



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

NOVEMBER 2009

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye, insluitend volkleur visuele bronne.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede demonstreer:

- Die gebruik van korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en implementering van visuele analise en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale en historiese konteks
- 'n Begrip van kenmerkende kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae.
Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.
2. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word.
3. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsy, met visuele bronne op die regterkantse bladsy.
4. Maak seker dat jy na die afgebeelde kleur visuele bronne verwys waar dit vereis word.
5. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek is en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
6. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.
7. Skryf in 'n duidelike, kreatiewe en ordelike styl. Skryf in volsinne en gebruik paragrawe volgens die instruksies vir elke vraag. Lyste met feite sal streng gepeenaliseer word.
8. Skryf netjies en leesbaar.

WOORDELYS

Gebruik die volgende woordelys om te verseker dat jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag te benader:

- Estetika:** Teorie van skoonheid en kuns en die begrip van mooi/skone dinge.
- Analiseer:** 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente soos lyn, kleur, toonwaardes, formaat en komposisie van die kunswerk.
- Vergelyk:** Wys binne dieselfde argument op 'n geordende wyse op verskille en ooreenkomste.
- Kontekstualiseer:** Verwant aan of afhanklik van die raamwerk van inligting; verwant aan die situasie, tyd (era) of plek waarin inligting gevind is.
- Bespreek:** Bied jou standpunt aan en gee redes vir jou stellings.
- Interpreteer:** Analiseer en evalueer (gee 'n ingeligte mening oor) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys.
- Staaf:** Om met bewyse of getuienis te ondersteun/motiveer.
- Visuele bronne:** Die visuele afbeeldings wat in die vraestel verskaf word.

VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS

Swaarkry en lyding is deur baie mense in Suid-Afrika, die res van Afrika en oorsee ervaar. Kunstenaars interpreteer dikwels hierdie ervarings en emosies in hul kuns.

- 1.1 Bestudeer FIGUUR 1a en 1b sorgvuldig en skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy bogenoemde stelling bespreek.

Maak soveel waarnemings as moontlik oor die volgende:

- Die tema van die skilderye
- Styl van die werke
- Formele kunselemente gebruik
- Medium en tegniek gebruik
- Verskille en ooreenkomste tussen die kunswerke
- Die gevoel van swaarkry en lyding deur die werke oorgedra (10)

- 1.2 In 'n opstel (ten minste EEN bladsy), bespreek EEN voorbeeld elk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het en wat in hul kunswerke uitdrukking gee aan hul lewens en ervarings.

Jou opstel behoort sommige van die volgende inligting in te sluit:

- Naam van die kunstenaar(s)
 - Titel van die kunswerk(e)
 - Temas/Betekenis
 - Medium en tegniek
 - Kunsstyl
 - Sosiale/Ekonomiese en/of ander invloede (10)
- [20]**



FIGUUR 1a: Otto Griebel, *Die Internasionaal*, 1928 – 1930. Olie op doek, Berlyn.



FIGUUR 1b: George Pemba, *Inkanyamba* (Slang), 1987. Olie op bord.

VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS


Dikwels gekonfronteer met verwerping en minagting, was dit met vasberadenheid, passie en moed dat 'n paar kunstenaars daarin geslaag het om Suid-Afrikaanse kuns in ooreenstemming met moderne sienings oor kuns van oorsee te bring.

Deur te verwys na die visuele bronne in FIGUUR 2a, 2b, 2c en 2d en/of enige ander voorbeelde wat jy bestudeer het, skryf 'n opstel (ten minste TWEE bladsye) waarin jy die kruiskulturele invloede tussen Europese en Suid-Afrikaanse kunstenaars debatteer soos gesien in hulle werke.


Jy moet die volgende inligting in jou opstel insluit:

- Inspirasie/Invloede/Bronne
- Die kruiskulturele invloede soos gesien in die werke
- Die gebruik van formele kunselemente
- Enige ander temas en boodskappe wat deur die kunswerke oorgedra word

[20]




FIGUUR 2a: Pablo Picasso, *Drie Figure onder 'n Boom*, 1907. Olie op doek.



FIGUUR 2b: Ernst Ludwig Kirchner, *Die Straat*, 1913. Olie op doek.



FIGUUR 2c: Irma Stern, *Vrou met Beker*, 1949. Olie op doek.



FIGUUR 2d: Alexis Preller, *Die Ongevinde Kouros*, 1969. Olie op doek.

VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDSKUNS ('RESISTANCE ART')

Kunstenaars wat sterk sosio-politieke stellings in hul werk maak, doen dit dikwels deur van satire, karikature en distorsie gebruik te maak. Op hierdie wyse forseer hulle die kyker om 'n onaangename sosio-politieke werklikheid, wat die kyker eerder sou wou vermy, te konfronteer of te ervaar.

- 3.1 Gebruik die visuele bronne wat in FIGUUR 3a, 3b, 3c en 3d voorsien word en skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige TWEE van die werke bespreek.

Stem jy saam met hierdie stelling, of nie? Bewys jou antwoord deur na die volgende te verwys:

- Die aanvanklike impak van elke werk, en die boodskap wat jy meen die kunstenaar probeer oordra
- Die verskeidenheid maniere waarop die kunstenaars hul boodskappe gekommunikeer het, insluitend die gebruik van formele kunselemente
- Hoe satire, karikature en/of distorsie in elk van die kunswerke gebruik is

(8)


- 3.2 Skryf 'n opstel (ten minste 1½ bladsye) oor EEN werk elk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wat jy voel sterk sosiopolitieke kommentaar in hul werk lewer. (Jy mag NIE die visuele bronne voorsien in VRAAG 3.1 gebruik nie.)

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Name van die kunstenaars
- Titels van die kunswerke
- Invloede
- Betekenis/Boodskappe deur die kunswerke oorgedra
- Gebruik van formele kunselemente

(12)
[20]**WOORDELYS:**


Karikatuur:	Uitbeelding of nabootsing op 'n oordrewe, verwronge manier
Distorsie:	Die aksie om iets meer opsigtelik as gewoonlik te maak – om vorme, kleur en inhoud te oordryf
Satire:	'n Tegniek in die geskrewe woord of kuns wat hoofsaaklik van die onderwerp 'n bespotting maak, dikwels met die bedoeling om verandering te bevraagteken of te voorkom
Sosiopolitieke:	Sosiale kwessies wat deur politieke gebeure of aksies beïnvloed word



FIGUUR 3a: Norman Catherine, **Karnivore**, 1988.
Droënaald-ets.



FIGUUR 3b: Jane Alexander, **Hond**, 1984.
Gemengde media.



FIGUUR 3c: Kevin Brand, **19 seuns wat hardloop** (detail)
1988. Gemengde media.



FIGUUR 3d: Helen Sebidi, **Moeder Afrika**, 1988.
Oliepastel en collage op papier.

VRAAG 4: KUNSVLYT ('CRAFT') EN TOEGEPASTE KUNS

Suid-Afrikaanse kunswerk blink op allerlei wyses in hierdie land uit. Plaaslike kunshandwerk-kunstenaars baan 'n weg van kreatiwiteit, individualiteit, kwaliteit en hoop. Hulle invloed en kunshandwerk is 'n weerspieëling van Suid-Afrika se ryk en diverse kulturele erfenis.

- 4.1 Bestudeer die visuele beelde voorsien in FIGUUR 4a, 4b, 4c, 4d, 4e en 4f en skryf 'n kort opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die verskillende maniere bespreek waarop hierdie kunshandwerk-kunstenaars met beide materiale en dekoratiewe elemente in hulle werk gewerk het. Dink ook aan die vermenging ('crossover') van tradisionele en kontemporêre elemente in hulle werk. (8)
- 4.2 Met verwysing na bostaande stelling, skryf 'n opstel (ten minste 1½ bladsye) waarin jy die werk van ten minste TWEE kunshandwerk-kunstenaars wie se werke jy bestudeer het, bespreek.

Die volgende moet genoem word:

- Naam van die kunsvlytkunstenaar
- Invloede
- Bespreking van medium en tegniek gebruik
- Gebruik van dekoratiewe elemente
- Stilistiese kenmerke

(12)
[20]



FIGUUR 4a: Lobolile Ximba en Khipena Mnyaka, **Krale Materiaalbeeld**, geen datum.




FIGUUR 4b: Carrol Boyes, **Piouter-beker**, geen datum.




FIGUUR 4c: Reuben Ndwandwe, **Mandjie**, geen datum. Ilalapalm.



FIGUUR 4d: Clive Sithole, **Pot met osse versier**, geen datum.



FIGUUR 4e: Elliot Mkhize, **Mandjie**, geen datum. Telefoondraad.



FIGUUR 4f: Kontemporêre Amerikaanse mandjie gemaak van plastiek, geen datum.

VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, GEDENKTEKENS EN KUNSWERKE

Baie kunstenaars gebruik 'n 'sagte' skoonheid om diep steurende kunswerke te skep wat as 'n stem vir ons sosiale bewussyn optree.

Nadat sy na radioverslae van die Waarheids-en-versoeningskommissie geluister het, het die kunstenaar, Judith Mason, 'n triptiek getiteld ***Die Man wat Gesing het en die Vrou wat Stilgebly het*** (1998) geskep. Hierdie kunswerk is as 'n huldeblyk geskep nadat Mason twee stories wat tydens die Waarheids-en-versoeningsverhore vertel is, gehoor het. Die eerste storie is dié van 'n man, Herold Sefola, wat wou kniel en "Nkosi Sikelel' iAfrika" wou sing voordat hy tereggestel is.

Die tweede storie is dié van 'n vrou, Phila Ndwanne, wat kaal uitgetrek is en vir tien dae gemartel is voor haar teregstelling, waar sy knielend deur die kop geskiet is. Phila het probeer om haar fatsoenlikheid en waardigheid te herstel deur 'n broekie vir haarself uit 'n blou plastieksak te maak.

As haar huldeblyk aan Phila en Herold, het Judith Mason 'n rok uit blou plastieksakke gestik, dit geverf, en toe 'n brief aan die vrou onder om die soom van die rok geskryf. Die woorde op die rok sê: "Suster, 'n plastieksak is dalk nie die hele wapenrusting van God nie, maar jy het met vlees en bloed gestoei, en teen magte, teen die heersers van die duisternis ..." Sy het toe die triptiek as 'n huldeblyk aan die twee slagoffers geskilder.

5.1 Bestudeer die stelling hierbo, asook die visuele bron voorsien in FIGUUR 5 en lewer kommentaar op die volgende in 'n kort opstel (ten minste EEN bladsy):

- Die wyse waarop die titel die kyker betrek
- Die manier waarop Mason hulde bring aan die slagoffers van die apartheidstelsel
- Mason se keuse van beelde ('imagery')
- Tegniek en stilistiese kenmerke
- Jou reaksie op die kunswerk

(8)

5.2 Skryf 'n opstel (ten minste 1½ bladsye) oor TWEE spesifieke geboue/openbare beeldhouwerke/kunswerke wat jy bestudeer het, wat hulde bring aan spesifieke gebeure/ideale en/of mense.

(12)
[20]

WOORDELYS:

Apartheid beteken *afsonderlik*. Dit was 'n stelsel van wettige rassessekering deur die Nasionale Party-regering tussen 1948 en 1994.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie: Die WVK was 'n tipe hofinstelling wat in Suid-Afrika tot stand gebring is na die afskaffing van apartheid. Elkeen wat gevoel het dat hy of sy 'n slagoffer van die geweld van apartheid was, is genooi om na vore te kom en gehoor te word. Die geweldenaars kon ook getuienis lewer en om amnestie pleit.



FIGUUR 5: Judith Mason, *Die Man wat gesing het en die vrou wat stilgebly het* (Deel van die Blou Rok-reeks wat in die Konstitusionele Hof uitgestal word), 1998. Gemengde media.

VRAAG 6: DIE ROL VAN FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID SUID-AFRIKA

Sandile Zulu het die Kuns-en-Kunshandwerksentrum by Rorke's Drift (FIGUUR 6a) bygewoon. Sedertdien het sy kunswerke na 'n minimalistiese styl verander FIGUUR (6b). In sy huidige werk maak hy gebruik van, onder andere, "gevonde objekte", natuurlike energieë, alledaagse organiese materiale, vuur, wind, water, grond, die velle van diere, sade, wortels, grasse, gom, karton, papier, stedelike afval, glaskrale, plastiek, garing, tou, hoenderbene, industriële gietvorms, metaal en sponsrubber.

6.1 Verwys na FIGUUR 6a en 6b en skryf 'n kort opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die verandering van styl/rigting in Sandile Zulu se werk bespreek deur die volgende in ag te neem:

- Gebruik van materiale
 - Beeldgebruik ('imagery')
 - Tegnieke
 - Gebruik van minimalistiese styl
 - Jou interpretasie van die betekenis van die twee kunswerke
- (8)

6.2 In die vorm van 'n opstel (ten minste 1½ bladsye), bespreek enige volwasse Suid-Afrikaanse kunssentrum wat jy bestudeer het.

Jy moet na die volgende riglyne as verwysingspunte verwys:

- Befondsing en doel van die sentrum
 - Tipe kunswerke geskep
 - Die werk van ten minste EEN kunstenaar wat by die sentrum studeer het
 - Onderwerpe, medium en tegnieke gebruik
- (12)
[20]

WOORDELYS:

Minimalisties: Uiterste vereenvoudiging van vorm



FIGUUR 6a: Sandile Zulu, *Handearbeid*, geen datum. Linosnee.



FIGUUR 6b: Sandile Zulu, *Involusie 2*, 2002. Vuur, water, lug, grond, metaal, hakiesdraad en doek.

VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Die nominasie in 1999 van Tracy Emin se *Die bed* vir die invloedryke Turner-prys in Engeland, was baie omstrede. Emin deel haar mees persoonlike ruimte deur haar bed met leë drankbottels, sigaretstompies en gevlekte lakens te wys.

- 7.1 Multimedia-kunstenaars skep kuns deur van die nie-tradisionele en onkonvensionele gebruik te maak, soos in Emin se werk gesien kan word. Deur te verwys na die visuele bron in FIGUUR 7, skryf 'n kort opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die waarde van multimedialkuns bespreek/debatteer.

Die volgende inligting behoort in jou antwoord oorweeg te word:

- Is dit kuns?
- Hoekom Emin van 'gevonde' objekte gebruik maak om haar kunswerk te skep
- Jou interpretasie van die werk
- Enige ander geldige kommentaar

(6)

- 7.2 Skryf 'n opstel (ten minste 1½ tot 2 bladsye) waarin jy die werk van ten minste TWEE spesifieke multimedia-kunstenaars wat jy bestudeer het, bespreek wat in hul werk verby die grense van wat normaalweg as "kuns" beskou word, gegaan het.

(14)
[20]



FIGUUR 7: Tracy Emin, *Die bed*, 1998. Installatie.

VRAAG 8: KUNS EN DIE SPIRITUELE KONTEKS – KWESSIES RAKENDE GELOOFSISTEME EN DIE GEWYDE IN KUNS

In gewyde argitektuur en kunswerke van 'n godsdienstige aard het kunstenaars nog altyd van geometriese vorms en/of ander maniere gebruik gemaak om die gewyde/heilige voor te stel.

8.1 Bestudeer die visuele bron in FIGUUR 8 sorgvuldig en bespreek kortliks in 'n paragraaf (ten minste ½ bladsy) die volgende:

- Gebruik van geometrie en simmetrie
- Beeldgebruik/simbole
- Gebruik van kleur, lyn en vorm

(6)

8.2 Kunstenaars het verskillende benaderings tot die uitbeelding van die gewyde en godsdienstige in kuns.


Skryf 'n opstel (ten minste 1½ tot 2 bladsye) waarin jy hierdie stelling staaf deur kunswerke van TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, te bespreek.

Gebruik die volgende riglyne:

- Naam van die kunstenaar
- Titel van die kunswerk/gebou/objek
- Funksie (as godsdienstige/rituele objek, waar van toepassing)
- Stilistiese kenmerke
- Enige ander relevante inligting

(14)
[20]**WOORDELYS:**

Simbool: 'n Simbool is 'n vorm/teken wat iets anders deur assosiasie, ooreenkoms of konvensie verteenwoordig, veral 'n materiële voorwerp wat gebruik word om iets onsigbaars te verteenwoordig. Simbole dui aan (of dien as 'n teken vir) en verteenwoordig idees, konsepte of ander abstraksies.



FIGUUR 8: **Muladhara Chakra**, detail van 'n kunstenaar se tekening, geen datum. (Hindoe-beeld wat die kern van fisiese ervaring uitbeeld.)

VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES

- 9.1 Deur spesifiek na die kunswerk in FIGUUR 9 te verwys, skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die geslagskwessies wat deur hierdie kunswerk oorgedra word, bespreek.

Oorweeg ten minste DRIE van die volgende punte in jou bespreking:

- Toepaslikheid van die titel
- Tegniek en styl
- Die boodskap wat oorgedra word
- Die beeldgebruik ('imagery') om 'n sterk boodskap oor te dra
- Vroue en mediakultuur
- Woordspeling in die titel

(8)


- 9.2 Geslagskwessies het altyd die potensiaal om baie kontroversieel te wees. Dit is dikwels die gevolg van ongelukkige stereotipes.

In die lig van bogenoemde stelling, skryf 'n opstel (ten minste 1½ bladsye), waarin jy die werk(e) van enige kunstenaar(s) wat jy bestudeer het, bespreek wat geslagskwessies in hul werk ondersoek het.

(12)
[20]

WOORDELYS:

Stereotipe: 'n Vasgestelde of konvensionele begrip van 'n persoon of groep wat vir geen individualiteit voorsiening maak nie.



FIGUUR 9: Diane Victor, *Weeg en Kortkom* ("Weighing and Wanting"), 2005. Swart-en-wit-ets.

VRAAG 10: KONTEMPORÊRE ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

"Vir die eerste keer is die wêreld se interessantste argitek 'n vrou en die wêreld raak bewus van haar ... " [*Intelligent Life Magazine, The Economist, Somer 2008*]

Zaha Hadid is in Irak gebore en 'n vroulike argitek wat as een van die invloedrykste argitekte wat tans werk, beskou word. Onder meer was sy instrumenteel om galeryruimtes, bekostigbare behuising en stedelike parke vir die 2012 Londense Olimpiese Spele te ontwerp.

10.1 Verwys na FIGUUR 10a en 10b, asook bostaande stelling, en skryf 'n opstel (ten minste 1 tot 1½ bladsye) oor ten minste EEN kontemporêre argitek en sy/haar werk(e) wat jy bestudeer het, wat 'n soortgelyke uitkyk op argitektuur het.

(10)

10.2 Mense in beide Suid-Afrika en in die wêreld is besig om hul menings oor die bewaring van die omgewing deur verantwoordelike benaderings in argitektuur en stadsbeplanning te verander. Skryf 'n opstel (ten minste 1 tot 1½ bladsye) waarin jy na sommige van die volgende verwys:

- Laekoste-behuising
- Die gebruik van eko-vriendelike boumateriale/komponente
- Ligging
- Sosio-ekonomiese uitwerking en omgewingsimpak

(10)
[20]



FIGUUR 10a: Zaha Hadid, *Londen se Olimpiese Watersportsentrum vir 2012*.



FIGUUR 10b: Zaha Hadid, *Toringkompleks in Dubai*.

TOTAAL: 100